



Wireless Access Providers' Association

Gedragkode

Weergawe 4.1

Aangeneem in Kaapstad (aanlyn) op 2 April 2014





INHOUD

Definisies	3
1. Inleiding	3
2. Waardes wat die Gedragskode onderlê	4
3. Lisensiëring	4
4. Radio-apparaat	4
5. Hoë terreine in installasies	4
6. Gebruik van ongelisensieerde bande	5
7. Verskaffers van toerusting	5
8. Veiligheid	7
9. Professionele gedrag	7
10. Standaardvoorwaardes van ooreenkoms	7
11. Diensvlakke	8
12. Inhoudsbeheer	8
13. Verbruikersbeskerming	8
14. Privaatheid en beskerming van vertroulikheid	10
15. Beskerming van kopiereg en intellektuele eiendom	10
16. Beskerming teen Gemorspos	10
17. Beskerming van minderjariges	10
18. Kubermisdaad	10
19. Klagte-en-tugprosedure	12
20. Monitering van nakoming	12
21. Inligtingsvereistes	13
22. Verwyderingsprosedure	13
23. Hersiening en wysiging van hierdie Gedragskode	13
24. Administratiewe sake	14
Weergawegeskiedenis	14
Bylae A – Verwyderingsprosedure	15



Definisies

Die volgende terme word gedefinieer:

“**Gemorspos**” (‘Spam’) beteken ongevraagde massa-e-pos.

“**Hoë terrein**” is ’n telekommunikasieradiofasiliteit wat gebruikers in diverse liggings bedien;

“**Lid**” beteken ’n lid van die Vereniging;

“**Klagte**” beteken ’n Klagte wat ingevolge die Vereniging se Klagte-en-tugprosedure ingedien word;

“**Kubermisdaad**” beteken enige gedrag op die internet of in verband met die internet of internetgebruike wat ’n misdaad ingevolge die Suid-Afrikaanse strafreg beteken, insluitende enige gedrag wat strafbaar is ingevolge Hoofstuk XIII van die Wet op EKT;

“**Onderwerp van data**” beteken enige natuurlike of regs persoon van wie of oor wie persoonlike of sake-inligting versoek, versamel, saamgestel, verwerk of bewaar is;

“**Owerheid**” beteken die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA);

“**Radio-apparaat**” is ’n toestel wat ’n gekombineerde sender en ontvanger en ’n gemeenskaplike stroombaan of ’n enkele omhulsel het;

“**Toepassingsowerheid**” beteken enige staatsdepartement, liggaam of persoon in diens van sodanige departement of liggaam wat die mag of gesag het om amptelik ondersoek in te stel na enige onwettige of onregmatige gedrag of om enige wet, insluitende die gemene reg, toe te pas;

“**Vereniging**” beteken die Wireless Access Providers’ Association (die vereniging van verskaffers van draadlose toegang);

“**Versterker**” beteken ’n toestel om die krag van ’n radiosein te vergroot. Dit word bewerkstellig deur krag van ’n kragtoevoer te neem en die lewering te beheer sodat dit pas by die vorm van die ingangsein maar met ’n groter amplitude;

“**VLB**” beteken verteenwoordigende liggaam van die bedryf;

“**WEK**” beteken die Wet op Elektroniese Kommunikasie, Nr. 36 van 2005;

“**Wet op EKT**” beteken die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, Nr. 25 van 2002;

1. Inleiding

- 1.1. Die Vereniging se Gedragskode sit die minimum standarde vir diens en gedrag uiteen wat op Lede van toepassing is.
- 1.2. Ondanks die algemeenheid van voorgenoemde kan sekere bepalinge van beperkte of geen toepassing wees in omstandighede waar die aard van of dienste wat deur die Lid of klas Lede gelewer word, die beperking van die bepaling redelik en regverdigbaar maak met inagneming van alle toepaslike faktore.





2. Waardes wat die Gedragskode onderlê

- 2.1. Lede sal wetgewing en regulasies, sowel as die gees agter sodanige wetgewing en regulasies, gehoorsaam en eerbiedig.
- 2.2. Lede verbind hulle daartoe om saam met mekaar en ander te werk wat hierdie waardes nastreef.
- 2.3. Lede sal verder as die minimum vereistes gaan en na voortreflikheid streef en sal 'n hoë standaard stel in alle sakepraktyke.

3. Lisensiëring

- 3.1. Lede sal te alle tye, wanneer dit van hulle vereis word, die gepaste lisensies of lisensievrystellings hê wat deur die WEK erken word.
- 3.2. Proeflede moet, wanneer dit van hulle vereis word, binne twee kalendermaande nadat hulle as proeflede aanvaar is, bewys van aansoek om of registrasie van sodanige lisensiëring of lisensievrystelling indien.

4. Radio-apparaat

- 4.1. Lede sal slegs Radio-apparaat van goedgekeurde tipe gebruik en sodanige gebruik sal in ooreenstemming wees met die toepaslike tipe-goedkeuringsregulasies wat deur die Owerheid uitgereik is.
- 4.2. Alle Radio-apparaat moet met tipe-goedkeuringsetikette gemerk wees.
- 4.3. Daar word van Lede vereis om Radio-apparaat by verskaffers te koop wat in volle nakoming is van hierdie Gedragskode, sover dit op sodanige verskaffers van toepassing is.

5. Hoë terreine in installasies

- 5.1. Alle Hoë terreine wat deur Lede bedryf word en installasies wat deur Lede opgerig word, moet kennisgewings hê wat duidelik die naam en kontakbesonderhede van sodanige Lid bevat sowel as die kontakbesonderhede van die Vereniging en moet die WAPA-lidmaatskaplogo vertoon wanneer sodanige vertoning deur die Vereniging goedgekeur is.
- 5.2. Lede sal aan die Vereniging se basiese vereistes vir Hoë terreine voldoen, wat binne die toepaslike wette en regulasies werk.
- 5.3. Om nakoming van hierdie bepaling te verseker, stem Lede in om inspeksie van hulle Hoë terreine toe te laat deur verteenwoordigers van die Vereniging met kennisgewing van ten minste tien sakedae, wat ter syde gestel sal word as die inspeksie vereis word weens 'n Klagte.
- 5.4. Lede se Hoë terreine sal onderhewig wees aan inspeksie en goedkeuring deur die Vereniging insluitende Hoë terreine wat gedeel word met enige ander operateurs, insluitende nielede.



- 5.5. Die volgende inligting moet deur die Lid aan die Vereniging verskaf word en word op 'n waterdigte kennisgewing wat duidelik sigbaar is op die Hoë terrein:
 - 5.5.1. Naam van netwerkkoperateur;
 - 5.5.2. Kontaktelefoonnommer;
 - 5.5.3. Webwerf;
 - 5.5.4. ECNS, ECS en lisensienommers (indien van toepassing);
 - 5.5.5. Die Vereniging se kontakbesonderhede; en
 - 5.5.6. Die Vereniging se logo.
- 5.6. Lede word ook aangemoedig om die volgende inligting op die waterdigte kennisgewing op die Hoë terrein te vertoon:
 - 5.6.1. Kontakpersoon/-afdeling by Hoë terrein;
 - 5.6.2. Beskrywing van die Hoë terrein;
 - 5.6.3. Die GPS-koördinate van die Hoë terrein;
 - 5.6.4. 'n Lys van alle Radio-apparaat wat by elke Hoë terrein gebruik word, met tipegoedkeuringnommers;
 - 5.6.5. Versterking, polariteit en straalwydte van sektorantennas en stamantennas;
 - 5.6.6. 'n Lys van die wye verskeidenheid frekwensies wat op elke terrein gebruik word.

6. Gebruik van ongelisensieerde bande

- 6.1. Tensy Lede 'n gelisensieerde spektrum ontvang, onderneem hulle om te werk in nakoming van die toepaslike regulasies wat deur die Owerheid uitgereik is en streng binne die perke van die lisensie-vrygestelde bande soos uiteengesit in Bylae B by die Radioregulasies 2010, soos gewysig.
- 6.2. Die Vereniging sal enige ongelisensieerde gebruik van frekwensies buite hierdie bande as 'n ernstige oortreding beskou, en 'n Lid wat oortree, sal gevra word om binne 24 uur in nakoming te wees of tugstappe sal teen hom gedoen word, insluitende eskalاسie tot die Owerheid.
- 6.3. Lede verbind hulle daartoe om die lisensievrygestelde bande op 'n professionele manier en met gepaste agting vir ander gebruikers te gebruik. Lede verbind hulle verder daartoe om enige steuring en ander frekwensieverwante geskille spoedig en te goeder trou op te los.

7. Verskaffers van toerusting

- 7.1. Lede wat verskaffers van toerusting is, moet te alle tye in besit wees van 'n geldige lisensie of permit wat uitgereik is deur die Owerheid wat hulle magtig om as sodanig sake te doen.
- 7.2. Alle verskaffers van toerusting moet in nakoming wees van die huidige Tipegoedkeuringsregulasies en Etiketteringregulasies.
- 7.3. Alle verskaffers van toerusting sal hulle daartoe verbind om net tipegoedgekeurde Radio-apparaat te verkoop.





8. Veiligheid

- 8.1. Lede moet, sover moontlik, hou by die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, Nr. 85 van 1993.
- 8.2. Dit sal die volgende insluit, maar nie daartoe beperk wees nie:
 - 8.2.1. Verseker dat alle tegnisi wat gebruik word om maste hoër as 3 meter te versien, toegerus is met SABS-goedgekeurde toutoegangstoerusting en opgelei is met goedgekeurde toutoegangsopleidingskursusse;
 - 8.2.2. Verseker dat spanne altyd uit ten minste 2 mense bestaan; en
 - 8.2.3. Registreer vir vergoeding vir ongelukke ingevolge die Ongevallewet en ander toepaslike wetgewing.

9. Professionele gedrag

- 9.1. In hulle handelinge met verbruikers, ander ondernemings en mekaar moet Lede professioneel, regverdig en redelik optree.
- 9.2. Lede moet te alle tye verbind wees tot wettige gedrag en nakoming van alle regsvereistes en moet saamwerk met Toepassingsowerhede waar daar 'n wetlike verpligting is om dit te doen.
- 9.3. Niks in hierdie Kode mag geag of vertolk word as iets wat enige kommersiële voordeel aan een Lid bo 'n ander gee nie, en Lede word streng verbied om enige poging te kwade trou aan te wend om die bepalinge van die Kode te gebruik vir die primêre doel om sodanige voordeel te bewerkstellig.

10. Standaardvoorwaardes van ooreenkoms

- 10.1. Lede moet, indien dit van toepassing is, Standaardvoorwaardes van ooreenkoms hê, insluitende 'n beleid vir aanvaarbare gebruik (AUP), wat vanaf hulle webwerf toeganklik is en wat alle inligting en voorwaardes in verband met hulle verhouding met die ontvanger van hulle dienste bevat. Sodanige Standaardvoorwaardes moet aan enige potensiële ontvanger van die diens voor die begin van enige diensooreenkoms beskikbaar gestel word.
- 10.2. Die Standaardvoorwaardes van ooreenkoms sal die volgende bevat:
 - 10.2.1. 'n Verbintenis daartoe dat die ontvanger van die diens nie doelbewus enige onwettige inhoud doelbewus sal skep, stoor of versprei nie of homself nie opsetlik op 'n onwettige manier sal gedra in sy aanwending van die Lid se dienste nie;
 - 10.2.2. 'n Onderneming dat geen materiaal wat kopiereg skend doelbewus deur die ontvanger van die diens geskep, vertoon, gepubliseer of gekopieer sal word nie;
 - 10.2.3. 'n Onderneming dat die intellektuele-eiendomsreg van derde partye nie doelbewus geskend sal word nie.
 - 10.2.4. 'n Onderneming dat hulle nie Gemorspos sal stuur of die stuur daarvan sal bevorder nie.

10.3. Die Standaardvoorwaardes moet die Lid die reg gee om enige inhoud te ver die Lid gehuisves word wat hy as onwettig beskou of waarvoor 'n verwydering ontvang is.

10.4. Die Standaardvoorwaardes moet die Lid die reg gee om die dienste op te skort of te staak aan enige ontvanger van die diens wat nie hierdie of enige verwante kontraktuele verpligtinge nakom nie.

11. Diensvlakke

11.1. Lede mag net diensvlakke aanbied of belowe wat redelik uitvoerbaar is, met inagneming van standarde wat in die bedryf aanvaar word, kundigheid, die gebied waarop dienste gelewer moet word en ander praktiese beperkings.

12. Inhoudsbeheer

12.1. Daar is geen algemene verpligting op enige Lid om die inhoud van die ontvangers van sy diens te monitor nie, behalwe soos bepaal word in die Suid-Afrikaanse reg, maar 'n Lid is verplig om op te tree wanneer hy bewus word van enige onwettige of onregmatige inhoud of gedrag.

12.2. 'n Lid mag nie doelbewus enige inhoud wat onwettig of onregmatig is huisves of skakels daarheen verskaf nie, behalwe wanneer hy regtens daartoe verplig word, of mag nie deelneem aan gedrag wat onwettig of onregmatig is nie.

12.3. Wanneer 'n Lid bewus word van onwettige gedrag of inhoud, moet hy die ontvanger van die diens se diens opskort of staak en die gedrag of inhoud by die toepaslike Toepassingsowerheid aanmeld.

13. Verbruikersbeskerming

13.1. Lede verbind hulle tot eerlike en regverdigte handelinge.

13.2. Lede moet alle toepaslike verpligte advertensiestandarde en -regulasies nakom.

13.3. Lede verbind hulle tot etiese verbruikerspraktyke en, sonder om die algemeenheid van voorgenoemde te beperk, om

13.3.1. hulle kommunikasienetwerk 24 uur per dag, 7 dae per week te monitor;

13.3.2. 'n netwerkbedryfsentrum/hulpafdeling te voorsien;

13.3.3. deursigtigheid te voorsien ten opsigte van hulle diensaanbiedings; insluitende

13.3.3.1. eienaarskap van toerusting;

13.3.3.2. ingebodde huur en finansiering van toerusting;

13.3.3.3. beleid oor teruggee van hardeware en kansellasieprosedures;

13.3.3.4. beleid oor waarborge op hardeware;

13.3.3.5. beleid oor verskuiwing van klante se toerusting;

13.3.3.6. opskortingsprosedures;

13.3.3.7. registrasie van domeinname;

13.3.4. voorsiening van 'n doeltreffende meganisme vir die oplossing van Klag





14. Privaatheid en beskerming van vertroulikheid

- 14.1. Lede moet die grondwetlike reg van internetgebruikers op persoonlike privaatheid en privaatheid van kommunikasie respekteer.
- 14.2. Lede mag nie handel dryf in of met die persoonlike inligting van Onderwerpe van data nie, buiten vir hulle eie behoeftes of met skriftelike toestemming van die Onderwerp van data wat vooraf verkry is.
- 14.3. Lede moet die vertroulikheid van elektroniese pos en boodskappe respekteer.
- 14.4. Lede mag net vertroulike inligting openbaar maak as hulle ingevolge die wet verplig word om dit te doen of met skriftelike toestemming wat vooraf van die Onderwerp van data verkry is.
- 14.5. Niks in hierdie Gedragskode sal geag of vertolk word as iets wat enige Lid daartoe verplig om inligting te verskaf wat, in werklikheid, vertroulik of kommersieel sensitief is sonder dat sodanige Lid skriftelike ondernemings ten opsigte van die beskerming van sodanige inligting ontvang nie.

15. Beskerming van kopiereg en intellektuele eiendom

- 15.1. Lede moet die intellektuele-eiendomsreg van die ontvangers van hulle dienste en derde partye respekteer en sal sodanige regte nie doelbewus skend nie.

16. Beskerming teen Gemorspos

- 16.1. Lede mag nie Gemorspos stuur of die stuur van Gemorspos bevorder nie en sal redelike maatreëls tref om te verseker dat hulle netwerke nie deur ander vir hierdie doel gebruik word nie.
- 16.2. Lede moet 'n fasiliteit voorsien om klagtes te hanteer oor Gemorspos wat van hulle netwerk afkomstig is en moet so gou moontlik reageer op klagtes wat ontvang word.

17. Beskerming van minderjariges

- 17.1. Lede sal redelike stappe doen om te verseker dat hulle nie sonder skriftelike toestemming van 'n ouer of voog dienste aan minderjariges bied nie.
- 17.2. Lede onderneem om ontvangers van internettoegang te voorsien met inligting oor prosedures, inhoudsklassifikasiesistelsels, filtering en ander sagtewaretoepassings wat gebruik kan word om te help met die beheer en monitering van die toegang van minderjariges.
- 17.3. Die bogenoemde bepalings is nie van toepassing waar die Lid dienste aan korporatiewe ontvangers van sy dienste bied waar geen minderjariges internettoegang het nie.

18. Kubermisdaad

- 18.1. Lede sal alle redelike maatreëls tref om ongemagtigde toegang tot, onderskepping van of

inmenging met data op sy netwerk en onder sy beheer te voorkom.





19. Klagte-en-tugprosedure

- 19.1. Die Vereniging het 'n Klagte-en-tugprosedure ingestel wat gebruik kan word deur Lede, ontvangers van die Lede se dienste en derde partye, en Lede stem in om gebind te word en in ooreenstemming met sodanige prosedure op te tree.
- 19.2. 'n Afskrif van die Vereniging se Klagte-en-tugprosedure is ook gepubliseer by www.wapa.org.za.
- 19.3. Lede moet daartoe verbind wees om Klagtes te ontvang en te ondersoek tensy sodanige Klagtes beuselagtig, onredelik, ergerlik of te kwade trou is.
- 19.4. Lede moet alle redelike pogings aanwend om Klagtes in ooreenstemming met hulle eie klagteprosedure op te los. As die Klagte nie binne die gespesifiseerde tyd in die Lid se klagteprosedure opgelos kan word nie, kan die Klagte na die Vereniging verwys word vir 'n besluit.
- 19.5. Die Lid se klagteprosedure moet 'n aanvaarbare keertyd hê om Klagtes te hanteer.
- 19.6. Lede moet by die Gedragskode, die Klagte-en-tugprosedure en die besluite van die Vereniging hou.
- 19.7. Die Lid se klagteprosedure moet toelaat dat 'n Klagte direk na die Vereniging verwys word as 'n Lid hierdie Gedragskode oortree of nie nakom nie.
- 19.8. Die Vereniging mag enige Klagte na die betrokke Lid verwys vir oplossing.
- 19.9. Die Vereniging moet alle verslae van tugprosedures 3 jaar lank hou.

20. Monitering van nakoming

- 20.1. Lede moet binne 'n redelike tyd nadat 'n verwyderingskennisgewing uitgereik is, 'n verslag by die Vereniging indien van alle stappe wat as gevolg van 'n verwyderingskennisgewing gedoen is.
- 20.2. Lede moet 'n jaarlikse verklaring by die Vereniging indien wat hulle nakoming van hierdie Gedragskode bevestig.
- 20.3. Die Vereniging het die reg om op eie inisiatief die gedrag en nakoming van die Gedragskode deur sy Lede te ondersoek en om indien gepas tugprosedures in te stel.



21. Inligtingsvereistes

- 21.1. Lede moet die lidmaatskaplogo van die Vereniging duidelik en in die korrekte formaat en manier vertoon en moet 'n skakel na die Gedragskode op hulle webwerf voorsien.
- 21.2. Lede moet hulle klante en besoekers by hulle webwerf in kennis stel dat die Lid deur die bepaling van hierdie Gedragskode gebind word.
- 21.3. Lede moet volledige identifiserende besonderhede op hulle webwerf voorsien, insluitende maar nie beperk tot hulle geregistreerde naam, elektroniese kontakbesonderhede, fisiese adres en telefoon- en faksnommer.

22. Verwyderingsprosedure

- 22.1. Die Vereniging het 'n Verwyderingsprosedure ingestel wat in ooreenstemming is met Hoofstuk XI van die Wet op EKT. 'n Afskrif van hierdie Verwyderingsprosedure is hierby aangeheg, gemerk Bylae A, en is ook gepubliseer by www.wapa.org.za.
- 22.2. Alle Lede onderneem om gebind te word deur en in ooreenstemming met die Verwyderingsprosedure op te tree.
- 22.3. Lede moet hulle eie verwyderingsprosedure vir onwettige inhoud en aktiwiteit instel en moet binne 'n redelike tyd reageer wanneer 'n verwyderingskennisgewing ontvang word.
- 22.4. Lede moet alle ontvangde verwyderingskennisgewings drie (3) jaar lank hou tensy die besit van sodanige materiaal onwettig is.
- 22.5. Lede moet, binne 'n redelike tyd, 'n verslag vir die Vereniging saamstel en indien in verband met alle stappe wat deur die Lid gedoen is in reaksie op ontvangs van 'n verwyderingskennisgewing.
- 22.6. Elke Lid moet die Vereniging as sy aangewese agent vir die ontvangs van verwyderingskennisgewings aanstel, behalwe waar sodanige Lid vroeër 'n ander entiteit of VLB as sy aangewese agent vir sodanige doeleindes aangestel het en skriftelike bewys van sodanige aanstelling by die Vereniging ingedien het.
- 22.7. Lede moet 'n skakel na die Verwyderingsprosedure op hulle webwerf verskaf.

23. Hersiening en wysiging van hierdie Gedragskode

- 23.1. Die Vereniging is geregtig om hierdie Gedragskode van tyd tot tyd te hersien en te wysig waar nodig, onderhewig aan kennisgewing van sodanige wysigings aan die Minister waar die Vereniging as 'n VLB geregistreer is.
- 23.2. Wysigings wat behoorlik gemaak word, sal bindend wees op alle Lede.



24. Administratiewe sake

24.1. Die Vereniging moet 'n webwerf skep en onderhou wat ten minste die volgende vir openbare toegang moet bevat:

24.1.1. die huidige weergawe van die Vereniging se Gedragskode en 'n weergawegeskiedenis;

24.1.2. die huidige weergawe van die Vereniging se Klagte-en- tugprosedure en 'n weergawegeskiedenis;

24.1.3. die huidige weergawe van die Vereniging se Verwyderingsprosedure en 'n weergawegeskiedenis;

24.1.4. 'n bygewerkte lys Lede van die Vereniging ingedeel volgens lidmaatskapklas met kontakbesonderhede en 'n hiperskakel na die webwerf van sodanige Lede;

24.1.5. verbruikersopvoedingmateriaal;

24.1.6. 'n fasiliteit vir Klagtes deur verbruikers.

24.2. Die Vereniging sal volledig verslag hou van alle Klagtes wat ingedien word.

Weergawegeskiedenis

Weergawe	Datum aangeneem	Effektiewe datum	Opsomming van hersienings
1.0	17 November 2006		
1.1	25 November 2006		
1.2	26 November 2006		
1.3	01 Desember 2006		
1.4	05 Desember 2006		
1.5	08 Desember 2006		
1.6	08 Januarie 2007		
1.7	02 Februarie 2007		
2.0	5 Maart 2007		
2.1	9 Maart 2007		
2.2	12 Maart 2007		
3.0	21 September 2011	21 September 2011	
4.0	12 September 2012	12 September 2012	
4.1	2 April 2014	2 April 2014	



Bylae A – Verwyderingsprosedure

Artikel 77 van die Wet op EKT sit die wetgewende raamwerk vir verwyderingskennisgewings soos volg uiteen:

- “77. (1 Vir die doel van hierdie Hoofstuk moet ’n kennisgewing van ’n onwettige aktiwiteit skriftelik wees deur die klaer aan die diensverskaffer of sy aangewese agent gerig word en moet dit die volgende insluit –
- a. die volle name en adres van die klaer;
 - b. die skriftelike of elektroniese handtekening van die klaer; identifikasie van die reg wat na bewering c. geskend is;
 - d. identifikasie van die materiaal of aktiwiteit wat na bewering die onderwerp van die onwettige aktiwiteit is
 - e. die regstellende aksie wat die diensverskaffer ten opsigte van die Klagte moet doen;
 - f. telefoniese en elektroniese kontakbesonderhede, indien enige, van die klaer; ’n verklaring dat g. die klaer te goeder trou optree;
 - h. ’n verklaring deur die klaer dat die inligting in die verwyderingskennisgewing na sy of haar wete waar en korrek is; en
- * Enige persoon wat ’n kennisgewing van onwettige aktiwiteit by ’n diensverskaffer indien met die wete dat dit die feite weselik verkeerd voorstel, is aanspreeklik vir skade ten opsigte van onregmatige verwydering.
- * ’n Diensverskaffer is nie aanspreeklik vir onregmatige verwydering in reaksie op ’n kennisgewing nie.”

Die Verwyderingsprosedure wat hier onder uiteengesit word, moet deur alle Lede van die Vereniging gevolg word by ontvangs van ’n verwyderingskennisgewing of kennisgewing wat beweert om ’n verwyderingskennisgewing te wees.

Ontvangs

1. ’n Afskrif van ’n verwyderingskennisgewing wat direk deur ’n Lid ontvang word, moet binne 24 uur van ontvangs na info@wapa.org.za aangestuur word.

Toepaslike tydperke

2. Die volgende riglyne ten opsigte van tydperke moet op die prosedure wat hier onder uiteengesit word, van toepassing wees:
 - 2.1. Aanvanklike evaluasie: 2-4 werksdae vanaf die datum van ontvangs van die verwyderingskennisgewing deur die Vereniging;
 - 2.2. Bevestiging van feite: 1-3 werksdae vanaf die afhandeling van die aanvanklike evaluasie;
 - 2.3. Aanvaarding van verwyderingskennisgewing: 1-2 werksdae vanaf die afhandeling van die bevestiging van feite;
 - 2.4. Bevestiging van Lid se reaksie: soos uiteengesit in die toepaslike afdelings.

Aanvanklike evaluasie

3. Wanneer die Vereniging ’n verwyderingskennisgewing ontvang, hetsy direk of aangestuur van ’n Lid, sal dit aanvanklike stappe doen om te bevestig:
 - 3.1. of dit die aangewese agent van die Lid is ten opsigte van wie die

verwyderingskennisgewing uitgereik is;

- 3.2. indien wel, of die verwyderingskennisgewing voldoen aan die vereistes va
(g) soos hierbo uiteengesit;



4. Waar die Vereniging nie die aangewese agent is soos in afdeling 3.1 hier bo uiteen
 - 4.1. waar die ontvanger van die verwyderingskennisgewing 'n Lid van die Vereniging is
 - 4.1.1. die aangewese agent ten opsigte van die Lid identifiseer en die verwyderingskennisgewing na sodanige aangewese agent of aan die Lid self aanstuur; en
 - 4.1.2. die uitreiker van die verwyderingskennisgewing ("die Klaer") en die Lid in kennis stel van die optrede.
 - 4.2. waar die ontvanger van die verwyderingskennisgewing nie 'n Lid van die Vereniging is nie, moet die Vereniging die Klaer in kennis stel van die feit dat:
 - 4.2.1. die Vereniging nie die aangewese agent ten opsigte van die ontvanger is nie;
 - 4.2.2. die ontvanger nie 'n lid van die Vereniging is nie; en dat
 - 4.2.3. die Vereniging die saak nie verder kan voer nie.
5. Waar die verwyderingskennisgewing nie die diensverskaffer spesifiseer ten opsigte van wie dit uitreik is nie, sal die Vereniging redelike stappe doen om vas te stel of die ongeïdentifiseerde diensverskaffer 'n Lid van die Vereniging is en sal die uitslag van hierdie proses aan die Klaer oordra. As die ontvanger geïdentifiseer word as 'n Lid van die Vereniging, sal dit voortgaan ingevolge afdeling 3 hier bo.
6. Waar 'n aanvanklike ondersoek ingevolge afdeling 3.2 hier bo toon dat die Klaer nie Artikel 77(1) nagekom het nie, sal die Vereniging die Klaer van die volgende in kennis stel:
 - 6.1. dat die verwyderingskennisgewing ontoereikend is;
 - 6.2. die spesifieke redes vir sodanige ontoereikendheid; en
 - 6.3. dat die Klaer die verwyderingskennisgewing weer kan indien nadat die ontoereikendheid reggestel is.

Bevestiging van feite

7. Waar die Vereniging tevrede is 'n volledige en behoorlike verwyderingskennisgewing voorgelê is ten opsigte van 'n lid van die Vereniging vir wie dit die aangewese agent is, sal die Vereniging –
 - 7.1. bevestig dat die inhoud wat die onderwerp van die verwyderingskennisgewing is, tans deur die Lid gehuisves word of andersins onder beheer is van die Lid aan wie die verwyderingskennisgewing gerig is;
 - 7.2. bevestig dat die inhoud wat die onderwerp van die verwyderingskennisgewing is, verwyder kan word soos vereis word.
8. Waar die Vereniging nie afdeling 7.1 of 7.2 hier bo positief kan bevestig nie, sal dit die Klaer dienooreenkomstig in kennis stel.



Aanvaarding van verwyderingskennisgewing

9. Waar die Vereniging homself oortuig het dat die verwyderingskennisgewing behoorlik voorgelê is, sal dit
 - 9.1. die verwyderingskennisgewing na die betrokke Lid aanstuur en versoek dat 'n skriftelike erkenning van ontvangs van die Klagte verskaf word; en
 - 9.2. die Klaer in kennis stel dat die verwyderingskennisgewing deur die Vereniging aanvaar is en na die betrokke Lid aangestuur is vir verdere optrede.

Bevestiging van reaksie van Lid

10. Wanneer die Vereniging skriftelike bevestiging van die betrokke Lid ontvang of self bevestig dat die inhoud waaroor die klagte ontvang is, verwyder is, sal dit die Klaer dienooreenkomstig in kennis stel.
11. Die Vereniging moet, as dit nie bevestiging van die betrokke Lid ontvang het dat die inhoud waaroor die klagte ontvang is, verwyder is nie en nie vroeër as binne 48 uur nadat dit ingevolge afdeling 9 hier bo opgetree het nie, stappe doen om vas te stel of die inhoud verwyder is of nie.
 - 11.1. As die inhoud verwyder is, sal die Vereniging die Klaer dienooreenkomstig in kennis stel.
 - 11.2. As die inhoud nie verwyder is nie, sal skriftelike kommunikasie aan die betrokke Lid gestuur word wat versoek dat die Lid die Vereniging onmiddellik in kennis stel van stappe wat in reaksie op die verwyderingskennisgewing gedoen is.
12. As geen of 'n onbevredigende antwoord ontvang word in reaksie op 'n kommunikasie wat gestuur word ingevolge afdeling 11.2 hier bo nie, moet die Vereniging, nie vroeër nie as 48 uur ná die versending van die kommunikasie waarna in afdeling 11.2 hier bo verwys word, die betrokke Lid telefonies kontak en navraag doen in verband met die stappe wat in reaksie op die verwyderingskennisgewing gedoen is.
13. As die inhoud wat die onderwerp van die verwyderingskennisgewing is, nie binne 24 uur ná die afhandeling van die optrede soos beoog in afdeling 12 hierbo, verwyder is nie, sal die Vereniging die Klaer in kennis stel dat
 - 13.1. die Lid versuim het om op die verwyderingskennisgewing te reageer of geweier het om die materiaal te verwyder, hoe dit ook al sy;
 - 13.2. die Klaer 'n verdere Klag ingevolge die Vereniging se Gedragskode teen die Lid kan indien.